
MARLEEN SMITH marleen.smith@landbou.com




**BO:** Die dekgewasmengsel van hawer, korog, weiwieke en Japannese radyse wat die Theunissens die afgelope seisoen op hul kontantgewaslande by Daniëlsrus in die Oos-Vrystaat geplant het. Dit was so suksesvol dat dit hulle oortuig het om dit weer met dekgewasse op te volg, pleks van die gebruiklike mielies of sojabone as kontantgewas. Dié foto is in Mei geneem. FOTO: RUHAN THEUNISSEN

# 'Hoekom het ons dit nie lankal probeer nie?'

Danksy die droogte het 'n Oos-Vrystaatse boerdery agtergekom dat hy maklik dubbel soveel wins of selfs meer kan maak met winterdekgewasse as met mielies.

**LIGGING**

Bethlehem, Oos-Vrystaat



**KORTOM**

- Weens die droogte kon die Theunissens van Bethlehem in die afgelope seisoen nie mielies of sonneblomme plant nie.
- Hulle het 'n mengsel dekgewasse met 'n nuwe geenbewerking-fynsaadplanter gesaai.
- Dit was so 'n groot sukses dat hulle 104 ooie met 129 lammers dwarsdeur die winter daarop kon hou en afrond, teen 'n groter wins as wat hulle normaalweg met mielies maak.



**REGS:** Nadat 129 SA Vleismerinolammers op die Theunissens se dekgewasland gespeen en afgerond is, het hulle die groeiende Japannese radyse, hawer, weiwieke en korog net so daarop gelos. Hulle beoog om in die komende seisoen rondom Maart 'n nuwe ronde dekgewasse met hul geenbewerkingplanter in die afgelope seisoen se reste te plant. Teen Oktober, toe hierdie foto geneem is, was die korog in die aar. FOTO: RUHAN THEUNISSEN

For use by philip@computus.co.za only. Distribution prohibited.

Die Theunissens van die plaas Sophia by Daniëlsrus buite Bethlehem se tradisionele wisselboustelsel van sojabone en mielies op droëland, met vee in die winter op die oesreste, is in die afgelope somer sleg omvergegooi deur die rekorddroogte.

Teen die einde van planttyd was twee aanliggende mielielande steeds hopeloos te droog om beplant te word. Dit was met dissels oortrek en dit was nie eens die koste werd om die onkruid dood te spuit nie. Boonop was daar 'n verdigtingslaag.

Hulle wou dus die jaar eerder gebruik om die verdigting op te breek en die nodige regstellings te doen voordat hulle weer kontantgewasverbouing daarop hervat.

Pa Philip, ma Marlize en hul seun Ruhan is groot voorstanders van bewaringslandbou. Met die oog op dekgewasse het hulle onlangs 'n nuwe geenbewerking-fynsaadplanter van die Kaapse werktuigvervaardiger Piket aangeskaf.

Hulle het in die vorige jaar die eerste keer dekgewasse aangeplant. Dit was 'n mengsel van hawer, Japannese radyse en voererte wat wyd uitgestrooi en effens ingewerk is. Dit was nie juis suksesvol nie, waarskynlik deels omdat hulle relatief laat, omtrent heel aan die einde van die herfs, geplant het toe daar nie meer veel vog in die grond was nie. Die bewerking het die grond verder uitgedroog.

Hulle het toe ook nog nie die fynsaadplanter met sy drie afsonderlike saadbakke, wat vir verskillende digthede vir verskillende gewasse gekalibreer kan word, gehad om die plantwerk akkuraat te doen nie.

## INSETKOSTE 'N VYFDE VAN DIÉ VAN MIELIES

Vanjaar, gewapen met die nuwe planter, het hulle die verdigtingslaag eers met 'n betreklik diep tandbewerking opgehef, wat met 'n snybewerking opgevolg is. Dit was nadat hulle in Februarie die eerste noemenswaardige reën gekry het, net genoeg om die tandbewerking te doen.

Middel Maart het hulle 'n mengsel van hawer, korog en weiwieke (elkeen 10 kg/ha), en Japannese radyse (2,5 kg/ha) geplant.

Die saad het Ruhan vanaf VKB se saadverwerkingsafdeling gekry nadat hy eers 'n wenslysie opgestel en toe uitgevind het wat beskikbaar was. Die saad het R850/ha gekos, omtrent die helfte van wat mieliesaad sou gekos het.

Geen kunsmis is toegedien nie en hul totale dieselkoste vir die dekgewasvestiging was rondom R60/ha. Die dekgewasse se totale insetkoste was dus R910/ha – omtrent 'n vyfde van wat die insetkoste van mielies per hektaar sou wees.

Nadat die dekgewasse aangeplant is, het hulle redelik goeie herfsreëns gekry: Die seisoenstotaal van September verlede jaar tot Julie vanjaar was uiteindelik 462 mm.



Mnr. Ruhan Theunissen in hul dekgewas-land die afgelope seisoen. FOTO: VERSKAF

Teen einde Mei kon hulle die eerste keer hul skape injaag – 104 Vleismerino-ooie met 129 lammers. In 'n aanvanklike aanpassingstydperk, om te keer dat die diere hulle oorvreet, het hulle die skape die eerste dag net so 'n uur op die dekgewasse gehou. Daarna is die diere geleidelik al hoe langer laat wei totdat die kudde permanent op die dekgewasse gebly het.

Die lammers het aanvanklik kruipvoeding gekry en later 'n klein hoeveelheid aanvullende uitgroeipille.

Teen middel Julie is die lammers ▶

### MEERDOELIGHEID OP SY BESTE

Dekgewasse is waarskynlik een van die veeldoeligste bewaringslandboupraktyke.

Dit herstel en bewaar nie net saaigrond nie, maar kan ook winsgewend as groenvoer benut word.

Elke boer moet self besluit waar dekgewasse die beste in sy stelsel inpas. Dekgewasse kan byvoorbeeld met dekgewasse opgevolg word, soos die Theunissens beoog om nou te doen, of dit kan afgewissel word met kontantgewasse wat vir bemarking geoes word, sê dr. Hendrik Smith, bewaringslandboukoördineerder van Graan SA.

Dis egter belangrik om die hele jaar lewende, diverse wortels in die grond te hê wat die grondmikrobes voed. Dit verbeter grondbeskerming (grondbedekking) en versnel die proses van koolstofvaslegging en -vrugbaarheid, maar lewer ook groenvoer deur die hele jaar.

Om dus maksimum impak deur dekgewasse te kry (in 'n situasie waar nie kontantgewasse geplant word nie), moet 'n somerdekgewasmengsel verkieslik voor die winterdekgewasmengsel geplant word. Andersins kan die grond kwesbaar wees en agteruitgaan in die somermaande, wat beteken dit kan nie die gewenste produktiwiteit en winsgewendheid handhaaf nie. Die regte bestuur is dus uiters belangrik.

Hy noem 'n paar van die belangrikste voordele van dekgewasse:

- Dekgewasse tussen twee opeenvolgende kontantgewas-oeste (soos in die winter of op oorlêlande in Suid-Afrika se tradisionele somersaaigebied) help om die grond te beskerm en grondgesondheid te verbeter.
- Dit kan die grond as lewende of dooie bedekking beskerm.
- As dit korrek bestuur word, dra dekgewasse tot vogbewaring by.
- Dit beskerm grond teen wind- en watererosie.
- Dit verhoog die hoeveelheid organiese materiaal in die grond.
- Peuldekgewasse bind stikstof uit die atmosfeer en keer dat dit uit die grond loog.
- Dit verhoog grondvrugbaarheid deur voedingstowwe via die ekologiese siklus te hersirkuleer, en kan só 'n saaiboer se bemestingskoste verlaag.
- Dit kan terselfdertyd as voedsel- en voergewasse ingespan word.
- Dit kan 'n verdigtingsprobleem help oplos, hetsy in kombinasie met die meganiese opbreek van 'n verdigtingslaag met byvoorbeeld 'n tandbewerking; of suiwer biologies, soos wanneer byvoorbeeld Japannese radyse aangeplant word om die verdigting op te breek.
- Dit verhoog mikrobiese aktiwiteit en biodiversiteit in grond.
- Dit help plae en siektes bestry.
- Dit beskerm en bevorder bestuiwers en ander voordelige organismes.
- Dit kan 'n boer help om minder insek- en plaagdoders toe te dien.
- Dit verhoog 'n boerdery se bestandheid teen risiko's en probleme, soos droogte.

gespeen, die ooie uitgehaal en die lammers met verloop van tyd verkoop namate hulle tussen 40 kg en 45 kg geweeg het. Die laaste lammers is teen einde Augustus van die dekgewasse af verkoop.

Die lammers het gemiddeld R30/kg lewende gewig behaal.

Ruhan, ook 'n energie-ingenieur, bereken hul uiteindelike netto wins uit die dekgewasse was R4 680/ha nadat die onderhoudskoste van die ooie (die beraamde waarde van hul onderhoud uit die dekgewasse) in berekening gebring is.

Vergeleke daarmee bereken Philip hul netto wins per hektaar met mielies sou, as dit nie droog was nie, R2 631/ha gewees het – teen 'n mielieprys van R2 400/ton en 'n gemiddelde opbrengs van 4 ton/ha.

## OORTUIGENDE SOM

Hierdie som het die Theunissens vinnig oortuig om die dekgewasplan hierdie seisoen te herhaal. Nadat die laaste skape af is, is die oorblywende plante net so laat staan. Dit was teen einde Oktober in die aar.

"Dalk sal ons later in die seisoen onkruiddoder spuit as dit lyk of dit nodig is, maar ons wil nie te veel aan hulle karring nie," sê Ruhan.

Die lande met die dekgewasse op gaan nou net so gelaat word om deur die somer, hul reëntyd, vog op te gaar, tot volgende jaar as hulle rondom Maart hopelik weer dekgewasse met geenbewerking in die afgelope seisoen se deklaag kan plant.

Ruhan sê dis eintlik ironies dat die droogte hulle by hierdie winsgewende en waardevolle nuwe dekgewasvoorstelsel laat uitkom en hul koppe geswaai om dít te doen eerder as om kontantgewasse aan te plant.



Die Theunissens se dekgewasse teen 30 April vanjaar. Van links is 'n Japannese radys, hawer en weiwieke. FOTO: RUHAN THEUNISSEN

"Dit was 'n aangename verrassing met 'n bonus. Met sojabone het ons altyd die bekommernis gehad dat daar dalk nie genoeg oesreste gaan wees om die lammers deur die winter groot te maak nie.

"Ons primêre doel met die dekgewasse was om die verdigtingsprobleem op te los: Om die grondstruktuur en die hoeveelheid organiese materiaal op te bou wat nie daar was toe ons ses jaar gelede geenbewerking op daardie lande begin toepas het nie.

"Toe werk dit só goed, met die dubbeldoel-voordeel van weiding en grondherstel, dat ons nou wonder hoekom ons dit nie al lankal beproef het nie," sê Ruhan.

## LESSE

Hoe vroeër 'n winterdekgewas geplant kan word, hoe beter, meen Ruhan.

Een groot probleem wat hy reeds by ander boere gesien en ook self al ondervind het, is die kombinasie van te min vog en hitte-eenhede met en ná planttyd, wat ontkieming en groei benadeel.

"Ons strategie gaan nou wees om nie 'n kontantgewas te plant nie, maar deur die somer eerder vog in die grond op te gaar en dan weer in Maart te probeer plant. As jy ná 'n kontantgewas dekgewasse plant, kan dit maklik gebeur dat daar nie meer baie vog in die grond is nie en dit dalk al te koud is vir goeie ontkieming."

Hy voeg by dat hulle die dekgewasse nooit te kort wil laat afwei nie omdat hul primêre doelwit juis grondherstel en die opbou van organiese materiaal is. Beweidingbeheer was nooit die afgelope seisoen nodig nie, behalwe dat hulle ná 'n reënbui liefs die skape vir 'n paar dae uitgehaal het sodat hulle nie in sagte modder die grond vertrap nie.

Met Japannese radyse het hy gesien dat dié gewas redelik aggressief en vinnig opkom. Wees dus versigtig om nie te veel radyssaad in die mengsel in te sit sodat dié gewas die ander verdring nie.

Sy gevoel is dat hy nie minder as 2,5 kg/ha wil aanplant nie omdat dit moeilik kan wees om die planter ingestel te kry. Hy wil die Japannese radyse egter ook nie teen 'n hoër digtheid aanplant nie.

Nog raad wat hy van 'n saadmaatskappy oor die samestelling van 'n weidingdekgewasmengsel gekry het, is om die insluiting van verskillende tipes hawer, met 'n langer en korter groeityd, in te sluit om die weityd te verleng. **LBW**

### AMERIKANERS SAAI ÁL MEER

Die hoeveelheid hektare wat Amerikaanse saaiboere met dekgewasse beplant, neem steeds toe.

Die jongste opname deur Sustainable Agriculture Research and Education (SARE), 'n projek van die Amerikaanse departement van landbou, wys dat die meer as 1 000 respondente verlede jaar gemiddeld 120 ha dekgewasse per plaas aangeplant het. Dit is meer as dubbeld die gemiddelde wat deelnemers aan die opname in 2011 aangedui het.

Luidens die jongste opname het hul mielie-opbrengste ná dekgewasse met amper 2% verhoog, en hul sojaboonopbrengste met amper 3%.

Die jaarlikse opnames toon dat dekgewasse werklik hul staal in moeilike jare wys, sê mnr. Rob Myers, 'n voorligtingsdirekteur van die SARE aan die Universiteit van Missouri.

Dit is veral danksy die grond se verbeterde waterhouvermoë en binnedringingstempo, wat opbrengsverliese weens waterstres verminder, sê hy.

Twee derdes van die respondente het gesê dekgewasse het wisselvalligheid in hul opbrengste weens uiterste weerstoestande verlaag.

Myers sê hulle was redelik verbaas oor die groot hoeveelheid respondente wat gesê het hulle het 'n regstreekse winsvoordeel uit dekgewasse gekry. Altesaam 'n derde het aangedui dekgewasse het hul winste verhoog, terwyl net 6% gesê het dit het hul winste verlaag. Die res van die respondente het óf geen winsverandering bespeur nie óf het nie genoeg data of ondervinding om die invloed op wins te beoordeel nie.



Stoelrog was die gewildste dekgewas onder meer as 1 000 respondente in 'n jaarlikse opname deur die Amerikaanse departement van landbou. FOTO: PRACTICALFARMERS.ORG

Die opname het ook gewys:

- Stoelrog is die gewildste dekgewas.
- Meer as die helfte van die deelnemers se sojaboonopbrengste het altyd of dikwels verhoog as dit stoelrog as dekgewas opgevolg het.
- Die meeste het gesê stoelrog help ook met die bekamping van onkruid, wat weerstandige spesies insluit.
- Karmosynklawer was die gewildste peuldekgewas en oliesaadradyse die algemeenste *Brassica*-tipe dekgewas.
- Dekgewasmengsels neem ook in gewildheid toe. Die meeste boere het gesê hulle plant hul eie mengsels, terwyl sowat 'n vyfde op raad van konsultante of verkoopslui staatmaak.